52

PERS 328

# DIE BEHEER EN GEBRUIK VAN SIELKUNDIGE TOETSE IN DIE RSA

WNNR Spesiale Verslag PERS 328 (pp.i-ii; 1 - 8)
UDK 159.928.23.072 (680)
ISBN 0 7988 1874 3 September 1981

NATIONAL INSTITUTE FOR PERSONNEL RESEARCH
Council for Scientific and Industrial Research

NASIONALE INSTITUUT VIR PERSONEELNAVORSING
Wetenskaplike en Nywerheidnavorsingsraad

001.3072068 CSIR NIPR PERS 328

HSRC Library and Information Service

HSRC
Private Bag X41
PRETORIA
0001

Tel.: (012) 202-2903
Fax: (012) 202-2933

RGN
Privaatsak X41
PRETORIA
0001

Tel.: (012) 202-2903
Faks: (012) 202-2933

RGN-Biblioteek en Inligtingsdiens

PB

HSRC Library and Information Service

RGN-Biblioteek en Inligtingsdiens

DATE DUE - VERVALDATUM

(i)

EBRUIK VAN

IN DIE RSA

NASIONALE INSTITUUT VIR PERSONEELNAVORSING
WETENSKAPLIKE EN NYWERHEIDNAVORSINGSRAAD

Opgestel op versoek van die Vaste Komitee vir Werkverskaffingsdienste van die Nasionale Mannekragkommissie

WNNR Spesiale Verslag PERS 328 (pp.i-ii ; 1 - 8)
UDK 159.928.23.072 (680)
ISBN 0 7988 1874 3
Johannesburg, Republiek van Suid-Afrika
September 1981

*PB96285*

INHOUD | BLADSY


| | | |
|---|---|---|
| 1. | DIE BEHOEFTE AAN BEHEER VAN SIELKUNDIGE TOETSE | 1 |
| 2. | WETLIKE BEPALINGS | 2 |
| 3. | DIE BEROEPSRAAD VIR SIELKUNDE | 2 |
| 4. | DIE TOETSKOMMISSIE VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA | 3 |
| 5. | DIE KLASSIFIKASIE VAN TOETSE | 4 |
| 6. | BEHEER OOR TOETSE | 4 |
| 7. | GEBRUIK VAN TOETSE | 5 |
| 8. | DIE HUIDIGE STELSEL VAN BEHEER OOR TOETSE | 5 |
| 9. | ALGEMENE VEREISTES VIR REGISTRASIE AS SIELKUNDIGE, PSIGOMETRIS, PSIGO-TEGNIKUS EN A-TOETSGEBRUIKER | 6 |

## 1. DIE BEHOEFTE AAN BEHEER OOR SIELKUNDIGE TOETSE

Sielkundige toetse kan met verskeie doelwitte aangewend word, byvoorbeeld die meting van kognitiewe vermoëns ("intelligensie"), die evaluering van persoonlike aanpassing (persoonlikheid) en die beoordeling van motivering en belangstellingspatrone.

Die resultate van sielkundige toetse word in verskeie situasies gebruik, deur kliniese sielkundiges as diagnostiese hulpmiddels, deur voorligtingsielkundiges vir die bepaling van byvoorbeeld patroon van belangstelling in vergelyking met vermoëns, deur bedryfsielkundiges vir keuring, plasing en loopbaanontwikkeling, deur opvoedkundige sielkundiges vir die bepaling van die aard van gedrags- en/of skolastiese probleme, en in die loop van sielkundige navorsing deur navorsingsielkundiges.

Sielkundige toetse moet voldoen aan bepaalde kriteria om as sodanig geklassifiseer te word. Dié vereiste word later in hierdie verslag behandel.

Indien sielkundige toetse onbeheerd beskikbaar gestel sou word, sou hulle enige waarde wat hulle miskien sou hê as hulpmiddels vir diagnose, evaluering en navorsing verloor, omdat hulle op ongestandaardiseerde wyses toegepas sou kon word, miskien ook vir doeleindes waarvoor hulle nie oorspronlik ontwerp was nie, en algemeen bekend sou word.

Dit beteken dat die geldigheid van toetse skade sou ly, enersyds omdat die teikenbevolking onbeheerde toegang tot die toetsinhoud sou kon verkry en andersyds omdat die administrasie van toetse en die uitleg van die resultate daarvan nie onderhewig sou wees aan beheer t o v voorgeskrewe prosedures nie.

Tensy aan hierdie vereiste voldoen word, word die doel van sielkundige toetsing verydel. Wanneer dit gebeur sou dit beter wees om liewer nie sielkundige toetse te gebruik nie.

Verder moet dit beklemtoon word dat indien die inhoud van

sielkundige toetse algemeen bekend sou word, as gevolg van onbeheerde verspreiding van toetse, sou die geldigheid daarvan beduidend afneem.

## 2. WETLIKE BEPALINGS

Artikel 37(2)(c) van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aanvullende Gesondheidsdiensberoepe (Wet 56 van 1974, soos gewysig) bepaal dat slegs sielkundiges, d w s persone was as sodanig deur die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad (SAGTR) geregistreer is, beheer oor voorgeskrewe toetse mag uitoefen.

Voorgeskrewe toetse word nie in die Wet omskryf nie. Regulasie R1862 van 1977-09-16 wat ingevolge die Wet uitgevaardig is, omskryf egter voorgeskrewe toetse as alle toetse wat as B- of C-toetse deur die Toetskommissie van die Republiek van Suid-Afrika (TKRSA) geklassifiseer is.

Persone wat as psigometriste geregistreer is kan B- en C-toetse onder leiding en toesig of in diens van 'n sielkundige gebruik (Regulasie R1864 van 1977-09-16).

Die beheer en gebruik van A-toetse word deur die TKRSA bepaal (kyk 4).

## 3. DIE BEROEPSRAAD VIR SIELKUNDE

Die Beroepsraad vir Sielkunde is ingevolge Artikel 15 van die Wet in 1974 ingestel om 'n hoë peil van professionele gedrag by die lede van die sielkunde-beroep en verwante beroepe (psigometriste en psigotegnici) te bevorder.

Die Beroepsraad bestaan uit ses lede wat deur sielkundiges verkies word, en twee lede en 'n voorsitter wat deur die SAGTR benoem word.

Die besluite van die Beroepsraad is onderhewig aan bekragtiging deur die SAGTR. Die Beroepsraad maak o m aanbevelings i v m

die registrasie van persone as sielkundiges, psigometriste en psigotegnici. Die registers self word ingevolge die Wet deur die Registrateur van die SAGTR gehou.

## 4. DIE TOETSKOMMISSIE VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA (TKRSA)

Die TKRSA is in 1975 ingestel as gevolg van samesprekings tussen die NIPN en die destydse Instituut vir Psigometriese Navorsing, tans die SAIPPN.

Die TKRSA is lid van die Internasionale Toetskommissie en sy doelstellings is :

(a) die standaard van professionele ontwikkeling van gestandaardiseerde sielkundige toetse en vraelyste, kennistoetse en skolastiese prestasietoetse te handhaaf en verder uit te bou ;

(b) in samewerking met die Beroepsraad vir Sielkunde van die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad die nuttige gebruik van gestandaardiseerde toetse en vraelyste in doelstelling 2(a) genoem in landsbelang te bevorder en die misbruik van sodanige toetse en vraelyste te voorkom ;

(c) die Beroepsraad te adviseer ten opsigte van vereiste kwalifikasies van toetsgebruikers om toetse te gebruik soos voorgeskryf deur Wet No. 56 van 1974.

Die TKRSA bestaan uit die Direkteure van die NIPN en die SAIPPN en nog twee verteenwoordigers van elke Instituut wat deur die onderskeie direkteure benoem word.

Die Konstitusie van die TKRSA is deur die Beroepsraad vir Sielkunde aanvaar, en die TKRSA word genoem in die Regulasies.

Die TKRSA hou 'n register van A-toetsbebruikers, wat op aanbeveling van die TKRSA deur die NIPN en SAIPPN A-toetse onder toesig van een of albei institute, of 'n sielkundige, mag gebruik, in

die hoedanigheid van 'n diensnemer van 'n organisasie.

## 5. DIE KLASSIFIKASIE VAN TOETSE

Toetse word soos volg deur die TKRSA geklassifiseer :

C-toetse : Toetse beperk tot gebruik deur sielkundiges en wat die volgende insluit :

Toetse van persoonlikheid deur middel van projektiewe en vraelystegnieke, toetse van beroepsbelangstelling en indiwiduele kognitiewe toetse soos van tyd tot tyd deur die TKRSA bepaal.

B-toetse : Toetse beperk tot gebruik deur sielkundiges en psigotegnici en wat die volgende insluit :

Potlood-en-papiertoetse van primêre kognitiewe vermoëns wat aan die hand van maskers nagesien word en die resultate waarvan uitsluitlik met behulp van gepubliseerde handleidings, soos deur die TKRSA goedgekeur, geïnterpreteer word. Hierdie toetse sal ook van tyd tot tyd deur die TKRSA bepaal word.

A-toetse : Toetse beperk tot gebruik deur sielkundiges, psigotegnici en persone met ten minste standerd 10 of ekwivalente kwalifikasie en wat spesiale opleiding en 'n standaard van doeltreffendheid, wat deur die TKRSA goedgekeur is, behaal het. A-toetse word van tyd tot tyd deur die TKRSA bepaal.

## 6. BEHEER OOR TOETSE

Slegs 'n sielkundige mag toetse beheer.

"Die beheer van 'n toets behels die volgende :

(a) Die beslissing ten opsigte van die eienskappe wat gemeet moet word.

(b) Die keuse van die tipe toets, byvoorbeeld aanleg, belangstelling, bekwaamheid, persoonlikheid, en so meer.

| KATEGORIE TOETS | WIE DIT MAG GEBRUIK |
|---|---|
| | intern-psigometriste. |
| B | ŉ Sielkundige en, onder die toesig van ŉ sielkundige : intern-sielkundiges, psigometriste, intern-psigometriste, psigo-tegnici, intern-psigotegnici. |
| A | ŉ Sielkundige en, onder die toesig van ŉ sielkundige : intern-sielkundiges, psigometriste, intern-psigometriste, psigo-tegnici, intern-psigotegnici, A-toetsgebruikers. |

## 9. ALGEMENE VEREISTES VIR REGISTRASIE AS SIELKUNDIGE, PSIGOMETRIS, PSIGOTEGNIKUS EN A-TOETSGEBRUIKER

Sielkundige :

1. Toegepaste M-graad in die sielkunde en 12 maande internskap

OF

2. Algemene M-graad in die sielkunde en 18 maande internskap.

Psigometris :

1. Honneursgraad in die sielkunde wat vir die doel van registrasie as psigometris goedgekeur is

OF

2. Honneursgraad in die sielkunde en ses maande praktiese opleiding in die gebruik van C-toetse

OF

3. Registrasie as psigotegnikus vir een jaar en Honneursgraad in die sielkunde.

Psigotegnikus : B-graad in die sielkunde en ses maande praktiese opleiding in die gebruik van B-toetse.


(L.W. Sielkundiges, psigometriste en psigotegnici word op aanbeveling van die Beroepsraad vir Sielkunde deur die SAGTR geregistreer).

A-toetsgebruiker : 1. 'n Standerd 10 kwalifikasie of ekwivalent, en

2. bywoning van 'n opleidingskursus wat deur die TKRSA goedgekeur is, en

3. suksesvolle aflegging van 'n eksamen wat deur die TKRSA voorgeskryf is.

INSTANSIES WAT DIREK OF INDIREK BY DIE BEHEER EN GEBRUIK VAN SIELKUNDIGE TOETSE BETROKKE IS — Tabel 1



RGN BIBLIOTEEK | HSRC LIBRARY